Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za

Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 2: Nommer 7 – 30 Mei 2025

## LYNNIES REVUE 2025







**Verwys na d6 – Kultuur – Revue 2025 vir skrywes.**

# OUERLEIDING



## Wanneer ouers skei

Egskeiding is 'n werklikheid in ons samelewing en wanneer ouers by 'n punt kom waar hulle paaie skei en dit 'n finaliteit is, is dit gewoonlik 'n baie moeilike ervaring saam met die betrokke kinders.
Die goue reël is dat kinders deur die proses en daarna moet ervaar dat hulle steeds geliefd en gekoester word deur beide partye – dat hulle steeds die prioriteit is vir beide ouers.

Verdere teleurstellings soos beloftes wat nie nagekom word nie, word dikwels erger ervaar as die egskeiding self. Praat gerus met u kind se onderwyser, sodat hulle bewus is van die situasie en die nodige ondersteuning kan bied.

Dr. Eugene Brink,'n Strategiese Raadgewer, gee algemene wenke vir die hantering van egskeidings:

- Kinders moet voortdurend van die ouers se liefde aan hulle verseker word deur woord en daad.
- Hou kinders op hoogte van die egskeidingsproses sodat hulle emosioneel voorbereid kan wees vir die veranderinge wat kan plaasvind, byvoorbeeld die toesig - ooreenkoms en hoe dit die kind gaan raak.
- Kinders moet weet dat die egskeiding die gevolg is van die ouers se gebrek aan oplossings vir probleme in hulle verhouding en dat hulle as kinders nie direk of indirek die rede is nie. Kinders doen gewoonlik selfondersoek om te probeer verklaar hoekom die egskeiding plaasvind.
- Die kind moet weet dat die keuse om by 'n sekere ouer te bly, nie 'n keuse teen die ander ouer is nie en dat dit geen verskil aan die liefde en omgee van die ander ouer beteken nie.
- Hanteer konflik met die gewese eggenoot direk met die persoon en nie deur jou kind nie. Moet asseblief nie verwag dat die kind moet kies wie reg of verkeerd is in argumente nie. Dit is nie hulle verantwoordelikheid om die ouers se skeidsregter te wees nie.
- Dit is elke ouer se verantwoordelikheid om sy/haar eie verhouding met sy/haar kinders in stand te hou en dit is nie nodig dat jy namens die ander ouer verantwoordelikheid daarvoor hoef te neem nie.
- Moenie die vorige eggenoot (en die kinders se ouer) voor die kinders afkraak nie.
- Ouers moet oor reëls vir die kinders ooreenkom en moet dit konsekwent toepas, sodat daar nie onregverdige vergelykings tussen ouers gemaak kan word nie. Roetine en dissipline moet sover moontlik gehandhaaf word.
- Party egskeidingsooreenkomste maak dat die een ouer minder tyd spandeer met die kinders en dit is belangrik dat daardie ouer nie probeer vergoed deur die kinders met geld en geskenke te oorlaai nie. Kwaliteit-tyd bly die belangrikste.
- Beloftes en rëelings moet sover moontlik nagekom word. Moet nie die kind dinge belowe wat jy nie kan nakom nie. Dit kan 'n kind baie onbelangrik en verwerp laat voel.

# JAARBLAD 2024



## DAGBESTUUR

Die Dagbestuur wens die graad 7-leerders sterkte met eksamen.




Die Dagbestuur gee eksamen wenke aan graad 4 tot 7 leerders.



Die Dagbestuur wens die hoof van AHS, meneer Joynt geluk met sy verjaarsdag.



## KULTUUR

### REDENAARS

Baie geluk aan die volgende leerders wat deur is na die ATKV semi-finale te Hoërskool Menlopark. Laerskool Lynnwood is ongelooflik trots op elke spreker!

Graad 3: Charlotte Oelofsen, Zahn Potgieter
Graad 4: Neo Senekal
Graad 5: Lienke Miles
Graad 7: Ayva Potgieter

**Vind hiermee die volgende redenaarskompetisie datums vir u gerief.**

❖ **OppieTongAf**

**Skakel: https://oppietongaf.co.za/**

**Spanne:**
Sluitingsdatum vir inskrywing: 27 Junie 2025 (skool skryf leerders in, meer inligting op d6 beskikbaar)

Indien u nie op die redenaarsgroep is nie gebruik die volgende skakel daarvoor.
Let wel spanredenaarslede moet ook op die redenaargroep wees.
https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8

**Redenaargedagte vir die week**:
*Vandag, omhels die veranderinge waardeur jy gaan, en weet dat alles sal uitwerk soos dit moet, en jy sal en dit sal goed gaan met jou.*

### KUNSTE AKADEMIE

Baie geluk aan Arlé Kretzschmar en Kaleya Singh met hulle medaljes by die Pierneefteater Kunstefees! Hulle is aangewys as afdelingwenners van onderskeidelik die Prosa Graad 4 en Graad R Poësie afdelings.



## GHOLF- EN ROLBALDAG




**KLIEK HIER VIR NUWE INLIGTING:**
https://drive.google.com/file/d/1kTBA9aGjKEpvItNFYMrLCj-ktU38-hYp/view?usp=share_link




**KLIEK HIER VIR NUWE INLIGTING:**
https://drive.google.com/file/d/1logfrlExRciUF7XtlDyLPr-MYi4VJnoK/view?usp=share_link

## LYNNIES NASKOOL

**Gelukkige kinders presteer vanself!**
Ons Intersen Naskool maats is tans besig om hard te leer vir die eksamen tydens studiesessies. Graad 4 leerders word gehelp met hul opsommings. Oefenvraestelle word opgestel om al ons graad 4 tot 7's se kennis te toets.
Ons Grondslagfase maats oefen hul spelwoorde op prettige maniere en Vrydae se "*Move it* "aktiwiteitsprogram raak nou so gewild dat kinders nie meer vroeg wil huis toe gaan nie.




By Lynnies Naskool stap ons altyd die ekstra myl !

# SPORT

## LANDLOOP

Die 3de Landloop klub-liga het op Saterdag, 24 Mei plaasgevind te Irene ARC. Lynnies het 49 atlete gehad wat deelgeneem het. Ons is baie trots dat soveel Lynnies alreeds ingeskakel het om aan die voorseisoen deel te neem.











**Hier volg die uitslae van Liga 3:**

| Seuns o/8 (1 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Ansius-Dawid | Vermeulen | 7 |
| JJ | van der Westhuizen | 19 |
| Reinhard | Nel | 23 |
| Matthew | Horn | 25 |
| Hanno | De Wet | 26 |
| Liam | Steyn | 42 |
| Ady | Stander | 49 |
| Johannes | Moolman | 55 |
| Hugo | Slabbert | 56 |
| Kobus | Prinsloo | 57 |
| Nico | Barnard | 71 |
| Victor | Preston | 113 |

| Seuns o/9 (2 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Francois | Van Dyk | 9 |
| Adriaan (JG) | Strijdom | 17 |
| Rikus | Geertsema | 25 |
| Jacques | Theron | 30 |
| Michael | Manthey | 56 |

| Seuns o/10 (2 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Wian | Slabbert | 17 |
| Dawid | McKechnie | 40 |
| MJ | Prinsloo | 42 |
| Christoff | Botha | 61 |

| Seuns o/11 (3 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Bejamin | Ströhfeldt | 5 |
| Ruan | Pienaar | 6 |
| Malan | Strijdom | 8 |
| Arren | Hudd | 35 |

| Seuns o/13 (4 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Kyle | Hudd | 25 |

| Dogters o/8 (1 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Mia | Ströhfeldt | 2 |
| Caley | Lubbe | 6 |
| Isabelle | Barnard | 20 |
| Lika | Pienaar | 26 |
| Mianelle | Jonker | 36 |
| Cara | Booysen | 38 |
| Ava | Pieterse | 50 |
| Lizette | Botha | 73 |
| Lisa | Boshoff | 92 |



| Dogters o/9 (2 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Lua | Snyman | 3 |
| Elizabeth | De Beer | 11 |
| Megan | Van Rooyen | 17 |
| Charlotte | Oelofsen | 18 |
| Ilané | Schalekamp | 34 |

| Dogters o/10 (2 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Lynicke | Pienaar | 5 |
| Lemay | Van der Westhuizen | 6 |
| Lianka | Palm | 11 |
| Minay | Boshoff | 39 |
| Miané | Naude | 43 |
| Leah | Dippenaar | 46 |

| Dogters o/11 (3 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Annabelle | Janse van Rensburg | 35 |

| Dogters o/12 (3 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Anjuné | Palm | 21 |

| Dogters o/13 (3 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Tharien | Van Dyk | 23 |

## BUITE-KURRIKULÊRE PRETASIE

### ACRO SPORT

Baie geluk aan Cara Booysen. Sy het haar Gauteng klere gekry en gekwalifiseer vir Gauteng kampioenskappe Acro sport. Sy het ook 'n 2de plek behaal vir haar afdeling.




Niah de Jager in graad 2 het deelgeneem aan die Noord -Gauteng Akrobaat, waar sy 4de plek behaal het. Baie geluk Niah!




## PERSONEELVERJAARSDAE

### JUNIE

4 Pricilla Mabena (pre-prim alg. ass)
5 Ethan Gouws (Krieket Akademie)
6 Estian Esterhuizen (o/w) en
Ordicious Masakela (alg. ass)
10 Dinah Motau (naskool)
13 Obrey Mamengena (alg. ass)
14 Shadrack Mojadithigo (alg. ass)
16 Paulinah Kekae (alg. ass) en
Benny Thaga (alg. ass)
19 Anje Burger (pre-prim)
21 Danielle de Witt (o/w)
23 Eudene Swart (o/w)
24 Joshua Grové (intersen. ass),
Bernie Bezuidenhout (o/w ass) en
Morris Tshabangu (alg. ass)
26 Christa Cronje (naskool)
29 Ilse Deneys (naskool)



## LYNNIES BIDGROEP




BID VIR LYNNIES
Woensdae 07:25 voor die hoofhek.
Kontak Anlia 082 927 1020
om deel te word van die WhatsApp groep.

## 2025 SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAE

**Kwartaal 2**
Maandag, 16 Junie (Jeugdag) PUBLIEKE VAKANSIEDAG
SKOOL SLUIT:- Vrydag, 27 Junie


**Kwartaal 3:** **22 Julie tot 3 Oktober**

**Kwartaal 4:** **13 Oktober tot 10 Desember**

**Steve Stolk**
**UITVOERENDE HOOF**




EKSTRA
REKENINGKUNDE
KLASSE
REGISTREER NOU
VIR KWARTAAL 3!
Waterkloof
Pretoria
Sluit aan vir groep klasse vir die kwartaal voor 15 Junie 2025 en ontvang 20% afslag op jou kwartaal fooi !!
Ekstra Rekeningkunde klasse vir Gr 10 - 12
Weeksdae groep klasse, privaat lesse op aanvraag
Max. 4 studente per groep klasse
Aangebied deur n Geoktrooieerde Bestuurs Rekenmeester
Vorige Rekeningkunde dosent
20 jaar ondervinding in die Rekeningkunde professie
Angie
074 522 1233
angie-rek@hotmail com
KONTAK MY


Groot
Boks
Groot
Idees
BIG BOX
Omskep Groot Pret
bigbox.co.za
0861 44 74 74


ELEVATE YOUR STANDARDS,
ELEVATE YOUR SUCCESS
Did you know that grooming, dress, and interpersonal interactions are essential aspects of professionalism?
Ready to elevate your professional presence?
Book a coaching session with me or send me a message to learn more.
078 460 1288
078 460 1288
www.marynastevenson.co.za


gro
LIFE COACHING
Leonie du Preez
Life Coach
082 718 7052
leonie@grolife.co.za
www.grolife.co.za